

NASIENRIGLYNE

EKSAMEN		NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT	
GRAAD		12	
DATUM		MEI/JUNIE 2026	
VAK		REKENAARTOEPASSINGSTECHNOLOGIE	
VRAESTEL		2	
PUNTETOTAAL		150	
TYDSDUUR (UUR)		3	
AANTAL BLADSYE		18	



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

FINAAL GOEDGEKEURDE NASIENRIGLYNE

VERGADERINGSDATUM	
UMALUSI-MODERATOR	
HOOFNASIENER	
INTERNE MODERATOR	



NASIENRIGLYNE

- Gaan gereeld terug na die vrae en nasienriglyne gedurende die merksessie.
- Dit is raadsaam om die vraag gereeld te lees (en te herlees) saam met die kandidaat se antwoord om te verseker dat dit ooreenstem, sodat jy nie deur die kandidaat se stellings/antwoorde mislei word nie.
- Moenie op sleutelwoorde of algemene stellings fokus nie, maar lees eerder die volledige antwoord. Indien jy twyfel lees die volledige antwoord en dan die vraestel en nasienriglyne.
 - Vra jouself af of die IM of HN of die antwoord by die nasienriglyne 'pas' voordat die korrekte punte aan die kandidate toegeken word:
 - Byvoorbeeld, die nasienriglyne dui aan 'goedkoop' en die leerder antwoord 'minder duur'; en 'uitwis' en die kandidaat se antwoord is 'uitvee', 'verwyder', ens.
- Pasop vir oorvleuelende antwoorde vir 'n spesifieke vraag. Oor die algemeen word EEN punt per feit toegeken.
- Alle nasien moet in **rooi pen** gedoen. Interne moderering word in **oranje pen** gedoen; moderering deur SACAI word in **groen pen** gedoen terwyl Umalusi met **pers pen** modereer.
- Punte word deur 'n regmerkier "✓" direk bo die betrokke sleutelwoord. In die geval van twee punte per feit moet twee regmerkies "✓✓" gemaak word. MOENIE die regmerkier aan die einde van die reël (sin) of paragraaf aanbring NIE. Merk verkeerde antwoorde met 'n kruisie (X) of onderstreep die verkeerde sinne.



AFDELING A

VRAAG 1: PASITEMS			
1.1	J	✓	(1)
1.2	A	✓	(1)
1.3	P	✓	(1)
1.4	O	✓	(1)
1.5	N	✓	(1)
1.6	G	✓	(1)
1.7	I	✓	(1)
1.8	E	✓	(1)
1.9	T	✓	(1)
1.10	C	✓	(1)
(10)			

VRAAG 2: MEERVOUDIGEKEUSE			
2.1	C	✓	(1)
2.2	B	✓	(1)
2.3	A	✓	(1)
2.4	A	✓	(1)
2.5	D	✓	(1)
(5)			

VRAAG 3: WAAR OF ONWAAR

Nota aan merker: Moenie 'n punt toeken indien die sin verander is nie, slegs die onderstreepte term mag verander word indien die kandidaat aangedui het dat die stelling onwaar is.

3.1	Onwaar, Attribute/eienskappe	✓	(1)
3.2	Onwaar, Geskiedenis/kas ('caching')	✓	(1)
3.3	Onwaar, Metadata	✓	(1)
3.4	Onwaar, Virtuele realiteit	✓	(1)
3.5	Onwaar, Kunsmatige intelligensie/KI/AI	✓	(1)
3.6	Waar	✓	(1)
3.7	Onwaar, *.txt	✓	(1)
3.8	Waar	✓	(1)
3.9	Waar	✓	(1)
3.10	Waar	✓	(1)
(10)			

TOTAAL AFDELING A: [25]



AFDELING B

VRAAG 4: STELSELTEGNOLOGIEË			
4.1	Twee tipes stelselsagteware Bedryfstelsels ✓ Nutsprogramme ('utilities') ✓ LET WEL: Moenie enige voorbeelde aanvaar nie, bv. Windows, iOS, drywerprogramme, ens.		(2)
4.2	Identifiseer en verduidelik ikoon Kortpad ('shortcut') ✓ Dubbelklik op die kortpad om 'n lêer of gids oop te maak/maak die ligging oop waarheen die kortpad wys ✓		(2)
4.3	Rekenaar is stadig • Malware of virusse • Verouderde bedryfstelsel of drywers/ongeoptymaliseerde sagteware • Te veel programme wat begin as rekenaar aangeskakel word/prosesse en -dienste wat in die agtergrond uitgevoer word • Lae skyfspasie/stoorspasie • Korrupte stelsellêers Enige twee ✓		(2)
4.4	4.4.1	Zombie vs botnet Zombie: 'n Enkele rekenaar wat met kwaadwillige sagteware besmet is en wat op 'n afstand deur 'n aanvaller beheer word (dit is deel van 'n botnet). ✓ Botnet: 'n Netwerk van verskeie gekompromitteerde rekenaars (zombies) wat deur 'n enkele entiteit beheer word (dikwels 'n botmeester genoem) ✓	(2)
	4.4.2	DoS Diensweiering ('denial of service') ✓ Die geteikende stelsel of netwerk sal onbeskikbaar word vir gebruikers/gebruikers sal nie die stelsel of netwerk kan gebruik nie (wat 'n ontkenning van diens veroorsaak) ✓	(2)
4.5	Toesteldrywer bronne Toetsteldrywer kan: • Geïnstalleer word vanaf die bedryfstelsel. ✓ • Afgelaai (en geïnstalleer) word vanaf die internet. ✓ • Geïnstalleer vanaf die toestel self/Ingesluit by die toestel. ✓		(3)



4.6	Ultrabook vs tablet Ultrabook ✓ EN • Ultraboeke kom gewoonlik met 'n fisiese sleutelbord. • Ultraboeke bied meer akkurate beheer van die wyser ('cursor'). • Ultraboeke het meer robuuste multitasking-vermoëns (wat gebruikers in staat stel om gelyktydig met verskeie toepassings te werk). • Ultraboeke het kragtiger verwerkers en groter verwerkingsvermoëns. • Ultraboeke is versoenbaar met 'n wye reeks randapparatuur (eksterne muis, drukkers en skandeerders ens.). Enige twee ✓	(3)
4.7	Stelsevereistes vir nuwe sagteware Grafika kaart spesifikasies ✓ Nie alle programme benodig intensiewe grafiese verwerking nie/die grafika aanboord sal voldoende wees vir algemene verwerking van dokumente. ✓	(2)
4.8	Opwaartse versoenbaarheid Ouer sagteware kan werk met lêers of data wat deur nuwer weergawes geskep is (dikwels met beperkte funksionaliteit). ✓	(2)
4.9	Skermkoot in Windows 11 Snipping Tool/Snip & Sketch ✓ Druk skerm ('print screen') ✓	(2)
4.10	Verspreidingsmodel waar gebruikers 'n herhalende fooi betaal Intekening-gebaseerde sagteware ('Subscription-based software')✓	(1)



4.11	4.11.1	Geo-etikettering in videokonferensie Verifieer liggings van deelnemers/sien vanwaar deelnemers aansluit/verhoed dat ongemagtigde gebruikers aansluit op grond van ligging. ✓	(1)
	4.11.2	Videokonferensie sagteware • Zoom • Microsoft Teams/Skype (for Business) • Cisco Webex • GoToMeeting • Google Meet • Adobe Connect • BlueJeans Enige een ✓ LET WEL: Moenie FaceTime, WhatsApp, Google Duo, Facebook Messenger, Snapchat, Viber en Hangouts aanvaar nie, aangesien dit video-oproepsagteware is.	(1)
			(25)



VRAAG 5: NETWERK- EN INTERNETTECHNOLOGIE		
5.1	Internet van Dinge Die Internet van Dinge (IoT) is 'n netwerk van (slim) toestelle ✓ wat verbind en data oor die internet deel. ✓	(2)
5.2	Gebruik van NFC • Kontaklose betalings • Toegangsbeheer • Lêeroordrag/data-uitruiling • Gesondheidsorgtoepassings (toegang tot mediese rekords of opsporing van mediese toerusting deur op NFC-geaktiveerde toestelle te tik). • Speletjies (NFC kan vir interaktiewe speletjie-ervarings gebruik word deur fisiese voorwerpe (bv. kaarte of beeldjies) na 'n speletjiekonsole of toestel te tik) • Voorraad en bate bestuur Enige twee ✓✓	(2)
5.3	Webgebaseerde toepassing - negatiewe aspekte • Versoenbaarheid kwessies met webblaaiers/versoenbaarheid en werkverrigting kan tussen verskillende webblaaiers verskil • Beperkte aanpassingsopsies vir toepassings • Afhanklikheid van die eksterne bediener/diensverskaffer se infrastruktuur en betroubaarheid • Die stoor en verwerking van data in die wolk kan komkom oor privaatheid veroorsaak • Beperkte werkverrigting vir intensiewe take/Webgebaseerde toepassings kan stadiger wees in vergelyking met plaaslike toepassings LET WEL: Moenie sekuriteitsverwante kwessies en 'n internetverbinding aanvaar nie. Enige twee ✓✓	(2)
5.4	Slimfoon as 'n warmkol – nadeel • Die proses verbruik 'n aansienlike hoeveelheid van die slimfoon se batterykrag. • Verhoogde data gebruik (veral as verskeie toestelle gekoppel is). • Stadige internetspoed vir gekoppelde toestelle. Enige twee ✓✓	(2)



5.5	Beperk die toegangsregte van gebruikers – LAN • Verhoed dat ongemagtigde individue lêers bekyk, wysig of uitvee/die handhawing van die vertroulikheid en privaatheid van sensitiewe inligting. • Voorkom dat gebruikers ongemagtigde veranderinge aan netwerkinstellings maak. • In die geval van 'n veiligheidsvoorval of ongemagtigde aktiwiteit, word dit makliker om die verantwoordelike party te identifiseer. • Om toegang tot gedeelde hulpbronne soos lêers, drukkers en bedieners te beheer/verseker dat netwerkhulpbronne doeltreffend gebruik word. • Help om die impak van kwaadwillige sagteware te beperk. Enige drie ✓✓✓	(3)
5.6	Stroom video's - video haak en vries • Onderbreek ('pause') die video en laat dit toe om te buffer. • Verlaag die kwaliteit van die video. • Maak enige onnodige agtergrondtoepassings wat die internet gebruik toe. • Dateer blaaier of program wat gestroom ('stream') word op. • Gebruik 'n ander blaaier of toep. Enige twee ✓✓	(2)
5.7	Blokkeer ongewenste advertensies • Installeer toepassings wat advertensies blok/blokkeer blaaieruitbreidings ('browser extensions'). • Aktiveer ingeboude blaaier-advertensieblokkeerders. • Implementeer streng filtrering van inhoud op die webwerf. • Gebruik 'n DNS (Domain Name System)-gebaseerde advertensie-blokkeerdiens. Enige twee ✓✓	(2)
(15)		



VRAAG 6: INLIGTINGSBESTUUR		
6.1	Aanhalings vs Voetnotas - Aanhalings is <u>verwysings</u> na die bronne (van inligting) wat in 'n dokument, referaat of akademiese werk gebruik word. ✓ - Voetnotas is <u>verduidelikende notas of kommentaar</u> wat bykomende inligting of verduidelikings verskaf wat onderaan 'n bladsy/dokument geplaas word. ✓	(2)
6.2	Asterisk (*) in vraelys Dui aan dat die inligting in daardie velde verpligtend of vereis word. ✓	(1)
6.3	URL-verkorter - Neem minder spasie op wanneer die hoeveelheid karakters beperk is. - Makliker om te onthou. - Makliker om te deel/tik. - Wysig/dateer die bestemmings-URL op sonder om die verkorte skakel te verander. - Sommige URL-verkortingsdienste stel gebruikers in staat om kort handelsmerk-URL's te skep. - URL-verkortingsdienste kan 'n ekstra laag sekuriteit bied. Enige twee ✓✓	(2)
6.4	6.4.1 Kombinasie lys vs lysblokkie Kombinasie lys ✓ omdat dit slegs die geselekteerde item in die teksboks vertoon wanneer dit ingevou/nie alle items vertoon word nie. ✓ LET WEL: Moenie die punt toeken as die kandidaat aangedui het dat dit minder spasie in beslag neem nie.	(2)
	6.4.2 Kombinasie lys vs lysblokkie Lysblokkie ✓ omdat gebruikers meer as een item uit 'n lys kan kies. ✓	(2)
6.5	Gekaste webblad inligting - Gebruikers kan verouderde inhoud sien. - Gekaste ('cached') weergawes verteenwoordig dalk nie die mees huidige inligting van dinamiese/veranderde inhoud nie. Enige een ✓ LET WEL: Moenie punte toeken vir enige sekuriteitsverwante antwoord nie.	(1)
(10)		



VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES		
7.1	Aanlyn bemaking Globale reikwydte en toeganklikheid: Die internet oorskry geografiese grense, wat besighede in staat stel om met potensiële kliënte wêreldwyd in verbinding te tree. ✓ Koste-effektiewe bemakingskanale: Digitale bemakingstrategieë, soos sosiale mediabemaking, soekenjin optimalisering (SEO) en e-posbemaking, het dikwels laer koste in vergelyking met tradisionele gedrukte of uitgesaaide advertensies. ✓	(2)
7.2	SSD – groen rekenarisering SSD het lae kragverbruik. ✓	(1)
7.3	Tegnologiese konvergensie Gebruik 'n enkele toestel ✓ vir verskeie doeleindes. ✓	(2)
7.4	Aanlyn inkopies en betaal met bitcoin • Verminder die risiko van identiteitsdiefstal en bedrog. • Persoonlike inligting is nie noodwendig gekoppel aan die beursie-adres ('wallet-adress') nie. • Bitcoin-transaksies is bestand teen kuberkrakery ('hacking'). • Jy hoef nie persoonlike inligting te verskaf nie (wat die risiko van identiteitsdiefstal verminder). Enige twee ✓✓	(2)
7.5	Ontvangde boodskap kan 'n gekseerdery wees • Boodskappe wat ongelooflike aanbiedinge, lotto-wins, ens. beloof. • Boodskappe skep 'n gevoel van dringendheid, druk om vinnig op te tree. • Vra vir persoonlike inligting, wagwoorde, kredietkaartnommers, ens. • Fopboodskappe gebruik dikwels generiese groete soos 'Geagte kliënt'. • Swak spelling en grammatika. • Swendelaars kan e-posadresse gebruik wat soos amptelike adresse lyk, maar het geringe variasies. • As 'n boodskap 'n fisiese adres, telefoonnommer, ens. uitlaat. Enige twee ✓✓	(2)
7.6	Privaat blaai Die volgende items sal nie gestoor word nie: • Deurblaaigeskiedenis • Koekies • Soek geskiedenis • Aanteken besonderhede ('login credentials') Enige een ✓	(1)
(10)		



VRAAG 8: OPLOSSINGSONTWIKKELING			
8.1	8.1.1	Gegewe veld wat as primêre sleutel gebruik word Nee, ✓ primêre sleutelvelde moet unieke waardes bevat/duplikaat waardes kan in al die gegewe velde bestaan. ✓ LET WEL: Moenie 'n punt toeken as geen of verkeerde motivering gegee word nie.	(2)
	8.1.2	Adresveld as 'n enkele veld • Makliker om individueel volgens stad, voorstad of straat te soek of te filtreer. • Makliker om te verseker dat elke individuele deel van die adres korrek ingevoer word. • As 'n stadnaam verander, is dit makliker om 'n enkele kolom op te dateer as om volledige adresse te wysig. Enige twee ✓	(2)
8.2	Toevoermasker vs valideringsreël Toevoermasker: Verskaf 'n gids vir data wat ingevoer word. ✓ Valideringsreël: Beperk die tipe of reeks data wat in 'n veld ingevoer kan word/definieer kriterium waaraan die ingevoerde data moet voldoen. ✓		(2)
8.3	Tipe lêer CSV ✓		(1)
8.4	8.4.1	Bladsybreuk vs afdelingsbreuk 'n Bladsybreuk word gebruik om die begin van 'n nuwe bladsy af te dwing/inhoud na die bladsybreuk sal op die volgende bladsy begin. ✓ 'n Afdelingsbreuk word gebruik om 'n dokument in afdelings te verdeel wat elkeen verskillende formatering instellings kan hê. ✓	(2)
	8.4.2	Verander teks in die voetskrif van die laaste bladsy Next page break ✓ Link to previous moet afgeskakel wees. ✓	(2)
8.5	Samevoegingsveld ('Merge field') • Samevoegingsveld voeg outomaties inligting/waardes van 'n databron in. • 'n Samevoegingsveld is 'n plekhouer vir data wat in 'n dokument ingevoeg word. Enige een ✓		(1)



8.6	Afronding vs formatering - Die ROUND-funksie verseker akkurate berekeninge deur die onderliggende numeriese waardes te verander. - Formatering beïnvloed slegs hoe die getalle vertoon word sonder om die werklike waardes te verander. Enige een ✓	(1)
8.7	HTML-lyn pas nie aan nie 'n Vaste breedte word in pixels gespesifiseer/die breedte word nie in persentasie gespesifiseer nie. ✓	(1)
8.8	Alle teks vetgedruk - Die merker was nie behoorlik toegemaak nie; is weggelaat. - Die sluitingsmerker is op die verkeerde plek. Enige een ✓	(1)
		(15)
TOTAAL AFDELING B: [75]		



AFDELING C – GEÏNTEGREERDE SCENARIO

VRAAG 9: INTEGRASIE			
9.1	Intreevlak rekenaars • Voldoende vir basiese take: Intreevlakrekenaars is in staat om alledaagse take soos webblaaie, woordverwerking, e-pos, ens. te hanteer. • Energiedoeltreffendheid: Intreevlakrekenaars het dikwels laer kragverbruik. • Ruimtebesparend: Intreevlakrekenaars is dikwels kompak en neem minder fisiese spasie in beslag. • Gebruiksgemak: Hierdie rekenaars is ontwerp om gebruikersvriendelik en toeganklik te wees. • Koste-effektiwiteit: Intreevlak-rekenaars is tipies meer bekostigbaar as middelslag-rekenaars, wat aanvanklike oprigting koste verminder. Enige twee ✓✓		(2)
9.2	9.2.1	Eenheid van die aantal beelde geneem Rame per sekonde ('Frames per second/FPS') ✓	(1)
	9.2.2	Optiese vs digitale vergroting Optiese vergroting ✓ EN • Optiese vergroting pas die kameralens fisies aan om die beeld te vergroot. • Digitale vergroting vergroot die beeld (digitaal), wat dikwels lei tot 'n verlies aan duidelikheid en besonderhede. Enige een ✓ LET WEL: Moenie die punt toeken as die kandidaat beter kwaliteit as motivering spesifiseer nie, dit word in die vraag gegee.	(2)
9.3	Nuwe HDMI-verbinding Nuwe HDMI-kabels kan Ethernet-verbinding ondersteun. ✓		(1)
9.4	Creative Commons vs kopiereg Kopiereg is 'n outomatiese reg wat eksklusiewe beheer aan skeppers verleen. ✓ Creative Commons bied 'n vrywillige lisensiëringstelsel wat skeppers toelaat om die regte aan te pas. ✓		(2)



9.5	9.5.1	USB-C omkeerbare ontwerp Die kabel kan op enige manier ingeplug word (hoef nie meer die kabel om te draai/flip nie✓	(1)
	9.5.2	USB-C voordeel • USB-C is 'n universele standaard. • USB-C ondersteun hoër data-oordragspoed. • Laat toe dat meer krag oor die kabel gelewer word. • Dit kan video-uitvoer, audio-invoer en -uitvoer ondersteun. • USB-C-verbindings is kleiner en dunner Enige twee ✓✓	(2)
9.6	Hoë-end SVE vs intreevlak SVE • Meer kers/beter multithreading-vermoëns • Groter kasgrootte • Hoër klokspoed • Hulle het beter verkoelingstelsels Enige twee ✓✓		(2)
9.7	9.7.1	OS laai nie - sagteware • Die bedryfstelsellêers kan korrupt of beskadig wees. • Die selflaai konfigurasie is dalk korrupt of verkeerd gekonfigureer. • Onversoenbare of korrupte drywerprogramme kan foute veroorsaak as rekenaar aangeskakel word. • Verkeerde BIOS/UEFI-instellings (bv. gedeaktiveerde aanskakel toestel ('boot device')). Enige twee ✓✓	(2)
	9.7.2	BS laai nie – hardeware • Die hardeskyf kan dalk faal of het slegte sektore. • Slegte of mislukte RAM-modules. • Die MBR- of selflaaisektor is dalk korrupt. • Los of ontkoppelde hardeware komponente. • Onvoldoende kragtoevoer of 'n gebrekkige kragtoevoer. • Beskadigde moederbord. • Oorverhitting kan veroorsaak dat die stelsel afskakel of nie selflaai nie. Dit kan wees as gevolg van 'n wanfunksionele verkoelingstelsel of geblokkeerde lugopenings. Enige twee ✓✓	(2)



9.8	Webblaaier sekuriteit • Webblaaiers vestig veilige en geënkripteerde verbindings tussen gebruikers en webwerwe/gebruik van HTTPS/vertoon 'n slot. • Ingeboude kenmerke om gebruikers te waarsku oor uitvissing ('phishing')/onveilige webwerwe. • Skandeer afgelaai lêers vir kwaadwillige sagteware. • Webblaaiers laat eienaars toe om reëls te definieer vir hoe hulpbronne gelaai moet word. • Webblaaiers bied opsporings voorkoming, koekie bestuur en incognito-/privaatblaai-modusse. • Webblaaiers kom met ingeboude wagwoordbestuurders. Enige twee ✓✓	(2)
9.9	Biometriese sekuriteitsmaatreëls op skootrekenaars • Vingerafdrukskandering • Gesigsherkenning • Iris of retinale skandering • Stemherkenning Enige drie ✓✓✓	(3)
9.10	Data-oordrag tussen digitale kameras en persoonlike rekenaars • Draadlose oordragmetodes (Wi-Fi en Bluetooth). ✓ • USB/USB-C-verbinding. ✓ • Wolk-gebaseerde oplossings (laat sinchronisasie tussen toestelle toe). ✓	(3)
		(25)



VRAAG 10: INTEGRASIE			
10.1	10.1.1	Verduideliking van intranet 'n Intranet is 'n privaat netwerk wat binne 'n maatskappy of organisasie gebruik word. ✓ Dit werk soos die internet, ✓ maar is slegs toeganklik vir werknemers of lede. ✓	(3)
	10.1.2	VPN - sekuriteit van 'n intranet • Data wat tussen gebruiker en intranet oorgedra word, is veilig/geïnkripteer (beskerm teen meeluistering). • Sterk verifikasie meganismes word geïmplementeer (bv. gebruikersname, wagwoorde, digitale sertifikate, MFA). • VPN-bedieners ken die gebruiker 'n ander IP-adres toe (wat die gebruiker se werklike ligging en identiteit verberg). • VPN-logboeke kan gebruik word om gebruikersaktiwiteite na te spoor, potensiële sekuriteitsinsidente te identifiseer. Enige twee ✓✓	(2)
	10.1.3	Skansmuur ('Firewall') - sekuriteit van 'n intranet • 'n Skansmuur reguleer watter toestelle en gebruikers toegelaat word om met die intranet te kommunikeer. • Bespeur en blokkeer kwaadwillige verkeer. • Die skansmuur ontleed en beheer netwerk verkeer gebaseer op die spesifieke toepassings of dienste wat gebruik word. • Skansmure monitor netwerkverkeer vir verdagte patrone of bekende aanvalsmetodes/bespeur en blokkeer kwaadwillige verkeer. Enige twee ✓✓	(2)
10.2	Koordlooselose LAN-spoed • Ander elektroniese toestelle/Wi-Fi-netwerke/toestelle kan steurings veroorsaak. • Fisiese obstrukties kan die draadlose sein verswak. • Afstand vanaf die roeteerder/toegangspunt is te ver. • Verskeie toestelle wat gelyktydig aan dieselfde Wi-Fi-netwerk gekoppel is. Enige twee ✓✓		(2)
10.3	Brei Wi-Fi-dekking uit • Wi-Fi Range Extender (Wireless repeater) • Mesh Wi-Fi-stelsel Enige een ✓		(1)



10.4	10.4.1 'n Deel van die liggaam aan CTS onderwerp Die polse en hande ✓	(1)
	10.4.2 Ergonomies ontwerpte toestelle • 'n Gehoekte/opge vulde polssteun wat die hand en pols ondersteun. • Ergonomiese sleutelbord: 'n Verdeelde sleutelbord of sleutelbord met kontoer uitleg bevorder natuurlike belyning van die pols. • Ergonomiese muis – Pas by die natuurlike vorm van die hand aan om pyn in die pols en herhalende spanningsbeserings (RSI) te voorkom. • Verstelbare kantoorstoel – Ondersteun die rug, nek en arms om goeie postuur te bevorder en ongemak te verminder. • Staander lessenaar – Laat gebruikers toe om te wissel tussen sit en staan vir beter postuur en minder moegheid. • Monitorstaander – Verhef die skerm tot ooghoogte, wat nekspanning verminder. Enige twee ✓✓ LET WEL: Enige antwoord wat verband hou met ergonomies ontwerpte toestelle.	(2)
10.5	Uitvissing-e-pos Pasop vir: • generiese groete. • dringende of dreigende taal. • spelfoute of swak grammatika. • versoeke om persoonlike of finansiële inligting te verskaf. • te-goed-om-waar-te-wees-aanbiedings. Enige twee ✓✓ LET WEL: Antwoorde moet verband hou met die boodskap/liggaam van die e-pos. Moenie antwoorde aanvaar soos om die e-possender se adres dubbel na te gaan, gemorspos filtreerders te aktiveer of seker te maak dat jou antivirusprogrammatuur en bedryfstelsel op datum is nie.	(2)



10.6	Kuberafloerdery en kuberafknouery		
	Aanlyn kuberafknouery verwys na aggressiewe en opsetlike gedrag ✓ wat daarop gemik is om ander skade te berokken ✓ deur middel van digitale kommunikasiekanale. Aanlyn kuberafloerdery behels 'n obsessiewe fokus op 'n individu/die dop hou van hul aanlynaktiwiteite/die stuur van dreigende boodskappe ✓ en pogings om hul virtuele teenwoordigheid te beheer. ✓ LET WEL: Een punt vir die gedrag/aksies en die tweede punt vir die doel/wat die oortreder beoog om te bereik.		(4)
10.7	10.7.1	Die <a...> anker Die <a> (anker) element in HTML word gebruik om hiperskakels te skep. ✓	(1)
	10.7.2	Doel van href ="webbladsy1.html" Die webblad1.html sal vertoon word ✓ wanneer die prent geklik word. ✓	(2)
10.8	Voorkom redigering van sigblad-selle. Implementeer selbeskerming/sluit selle ('cell protection/lock cells') ✓ en stel 'n wagwoord vir sekere selle. ✓		(2)
10.9	Vervang die formule 2*2*2 POWER ✓		(1)
			(25)
TOTAAL AFDELING C: [50]			
GROOTTOTAAL: [150]			